SESSIE 5

REGTE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Openbare protes, onlus, en die onderliggende faktore in Suid-Afrika

Dr. Martin Bekker, Sosiale wetenskaplike, ontwikkelingsbeplanner
en navorser, Universiteit van Johannesburg

Opsomming:
Ondanks Suid-Afrika se oorgang na demokrasie, ervaar die land steeds daagliks talle gemeenskaps- en arbeidsverwante betogings; volgens sommige bronne die meeste ter wêreld, met 'n skerp toename sedert die vroeë 2000's. Die kwantifisering van die oorsake van protes -- hetsy armoede, ongelykheid, werkloosheid, dienslewering, of ander -- bly problematies: ontleders teoretiseer 'n verskeidenheid faktore in hul verklarings, sommige ooglopend teenstrydig. Met behulp van masjienleeralgoritmes, toegepas op die SAPD se protesrekords (die wêreld se grootste publiek beskikbare protesgebeurtenisdatabasis), klassifiseer ek meer as 150 000 polisie-geïdentifiseerde voorvalle tussen 1997 en 2013 as protes- of nieprotesgebeurtenisse, en eersgenoemde volgens vlakke van ontstuimigheid. Elk van die 89 000 geïdentifiseerde protesgebeurtenisse word bygewerk om eindelik elk van die land se 234 munisipaliteite se 'algemene geneigdheid tot protes' te ondersoek. Met regressie-analise vind ek dat die 'algemene geneigdheid tot protes' ‘n funksie van ongelykheid, werkloosheid, die demografiese profiel en politieke deelname is -- nie van ander faktore, insluitend armoede (op sigself), die teenwoordigheid van nie-Suid Afrikaners, die algemene vlak van dienslewering of van verstedeliking is nie.

Kort CV:
Martin Bekker is 'n sosiale wetenskaplike en ontwikkelingsbeplanner, en tans ’n “Global Excellence Stature”-postdoktorale navorser van aan die Universiteit van Johannesburg. Bekker het Baccalaureusgrade in waarde- en beleidstudies en filosofie aan die Universiteit Stellenbosch behaal, en meestersgrade aan die Bradford Universiteit (in Vredestudies) en die

London School of Economics (in Ontwikkelingsbestuur). Sy doktorale proefskrif was 'n baanbrekende kwantitatiewe analise van protes in Suid-Afrika, waarin hy Kunsmatige Intelligensietegnieke op polisiedata toegepas het. Hy is ‘n voormalige hoof van strategie asook van navorsing by die Royal Bafokeng-administrasie, en het op die Wêreld Ekonomiese Forum se adviespaneel vir volhoubare mynbou en mineraalontginning gedien. Onlangse werk sluit bewusmaking, gekoppel aan die UJ/RGN se Covid-19-Demokrasie-opname. Bekker het in 2019 die nasionale '3-minuut tesis'-kompetisie gewen.

*****

Ongelykheid, grondwetlike mites, en die moderne Staat: Die akademifisering en politifisering van armoede

Martin van Staden, Regsgenoot by Sakeliga en lid van die Uitvoerende Komitee en die Oppergesag-van-die-Reg Raad van Adviseurs by die Vryemarkstigting

Opsomming
Armoede en ongelykheid word byna as sinonimies geag in die samelewing se psige en diskoers. Die woorde sélf word op geleentheid uitruilbaar gebruik, maar dit blyk dat talle persone op ‘n konsepsuele vlak ook armoede en ongelykheid as eenders ag. Myns insiens het dié verwarring van konsepte wat wesenlik verskil gelei tot die akademifisering en ook politifisering van armoede. Dit het materiële nagevolge: Die oorsake van armoede word verkeerd geïdentifiseer, maar meer belangrik, die oplossings daarvoor word óók verkeerd geïdentifiseer. Die resultaat is méér armoede.

Akademifisering is die proses waardeur ‘n (gewoonlik) eenvoudige verskynsel van sy eie werklikheid en konteks verwyder word, en vir akademiese en intellektuele doeleindes meer ingewikkeld gemaak word. Politifisering is die proses waardeur ‘n verskynsel wat betreklik onverwant aan politiek is, binne die politieke arena gebring word. Dit is nie ‘n nuwe verskynsel nie en is beslis nie beperk tot Suid-Afrika nie. Tot ‘n mate is sosialisme juis die politifisering van armoede, wat ongelykheid dus problematiseer.

Die idee dat die regering ongelykheid moet bestry, binne Suid-Afrikaanse konteks, is gefundeer in ‘n grondwetlike mite. Dit word aangevoer dat artikels 9(1) en (2) die Staat verplig om sogenaamde “substantiewe gelykheid” te bewerkstellig, maar die regsspraak en diskoers wat tot dié gevolgtrekking lei verduidelik onvoldoende waarom regsgelykheid met substantiewe gelykheid vervang moet word. Daar is immers geen basis daarvoor in die grondwetlike teks nie.

Die eindresultaat van die politifisering van armoede is onvermydelik ‘n onkonstitusionele vergroting van staatsmag, veral om sosiale ingenieurswese te bewerkstellig. Elke nuwe beleid wat vandag die lig sien is dus op die een of ander manier daarop gemik om ongelykheid te beveg. Tog word die samelewing terselfdertyd armer. Armoede, nie gelykheid nie, kan wel bestry word, en die getuienis toon duidelik dat ‘n vryemarkekonomie gegrond op vryheid van keuse, kontrakvryheid, en eiendomsregte, die nodige bestanddeel hiervoor is.

Kort CV

Martin van Staden (www.martinvanstaden.com) is ‘n regs- en beleidskonsultant verbonde aan die onafhanklik sakegemeenskap, Sakeliga, as ‘n regsgenoot, en aan die navorsingsinstituut die Vryemarkstiging, as ‘n lid van die Uitvoerende Komitee en die Oppergesag-van-die-Reg Raad van Adviseurs. Martin voltooi tans sy doktorsgraad in regte aan die Universiteit van Pretoria, waar hy sy LL.M. met lof in 2020 bekom het.

Martin dien ook as ‘n lid van die Raad van die Instituut vir Rasseverhoudinge, ‘n lid van die Raad van Adviseurs van BridgeAfrica, en as die Suid-Afrikaanse Beleidsgenoot van die Consumer Choice Center. Martin verskyn gereeld op radio en televisieprogramme om oor regs- en ekonomiese-beleid te praat; onder meer *Pretoria FM*, *Al Jazeera*, *CNBC Africa*, *eNCA*, *SABC*, *Classic FM*, en *SAfm*.

Martin is ‘n passievolle skrywer met een boek in sy naam, *The Constitution and the Rule of Law: An Introduction* (2019), en drie ander waartoe hy bygedra het en as redakteur opgetree het: *Fallism: One Year of Rational Commentary* (2017), *The Real Digital Divide: South Africa’s Information and Communication Technologies Policy* (2017), en *Igniting Liberty: Voices for Freedom Around the World* (2019). Sy navorsing verskyn onder andere in die portuurbeoordeelde vaktydskrifte *De Rebus*, *Econ Journal Watch*, *Pretoria Student Law Review*, *African Human Rights Law Journal*, en die *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*. Tans wag twee verdere navorsingstukke vir publikasie later vanjaar in die Amerikaanse *Cato Journal* (September) en die *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad*. Martin se ORCID is 0000-0002-4612-5250. Martin is ook die Hoofredakteur van die *Rational Standard* aanlyn tydskrif.

*****

Armoede en korrupsie/staatskaping

Adv. Johan du Toit, emeritus advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika en adjunkdirekteur van openbare vervolgings, Nasionale Vervolgingsgesag

Opsomming
Weens korrupsie/staatskaping kon projekte vir die armes nie voltooi of begin word nie. Drie opsies is by die onderhandelingstafel oorweeg om misdade tydens die apartheidstyd te verreken:

- algemene amnestie – dit is verwerp.
- verhore en vervolgings – dit is ook verwerp.
- 'n waarheidskommissie – dit het meerderheidsondersteuning gekry.

Tuli Madonsela het ‘n waarheidskommisie voorgestel’; dit is n opsie maar die meerderheidsgevoel is dat vervolgings inderdaad moet plaasvind – moontlike vrywaring moet eerder deur die howe oorweeg word as medepligtige staatsgetuies aan die relevante regsvereistes voldoen het. Weens die groot aantal sake is daar besluit om slegs diegene wat die meeste verantwoordelik is vir internasionale menseregtemisbruike te vervolg. Moet ons ook nie so ‘n opsie oorweeg t.o.v. korrupsie/staatskaping nie ?

Daar sal waarskynlik breë aanbevelings wees en straftegterlike stappe/verdere ondersoek sal ook voorgestel word vir oorweging/voltooiing deur die NVG/SAP. Die NVG behoort riglyne op te stel en ten minte diegene wat die meeste verantwoordelik is as ‘n prioriteit te vervolg. In gepaste gevalle sal vrywaring ook aangebied moet word. Die howe sal beslis of vrywaring teen vervolging aan medepligtige getuies toegestaan kan word; nuwe wetgewing moet oorweeg word sodat voorsittende beamptes ook addisionele sivielregtelike stappe kan neem teen die getuies.

Opsies vir oorweging:

- Vervolg almal/diegene wat die meeste verantwoordelik is
- Vrywaring van vervolging vir sommiges

- Hof- en ander boetes, insluitende batebeslagleggings se opbrengs
- Sommige uitleweringsake moet geprioritiseer word. Interpol-rooikennisgewings is nie genoeg nie.
- 'n Nuwe ondersoekeenheid moet op die been kom, soos voorgestel in die Glenister-hofbeslissing.

Einddoel:
Geld moet teruggeploeg word na die armes om bestaande en nuwe projekte wat skipbreuk gely het, weer in ere te herstel.

Kort CV:
Johan du Toit - B-IUR LLB (1979 – Universiteit van die Vrystaat). Advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika sedert April 1980. Hy het vir meer as veertig jaar as aanklaer in verskeie posisies gewerk in die strafregstelsel binne en buite Suid-Afrika. Gedurende sy loopbaan was hy ook, tussen 1991 en 1994, die getuienisleier by die Goldstone-kommissie van ondersoek na oorsake van openbare geweld in Suid-Afrika. Vanaf 1994 tot 2011 was hy ook die leier van die strategiese span en aanklaer by die Internasionale Strafhof vir die voormalige Joego-Slawië in Den Haag, Nederland. Hy het gehelp om dié Hof op die been te bring – die eerste internasionale strafhof sedert die Nuremberg-verhore tydens die Tweede Wêreldoorlog. By die Hof het hy ook aan verskeie ondersoeke en verhore gewerk om persone wat die meeste verantwoordelik is vir menseregtemisbruike te ondersoek en te vervolg. Hy het in 2011 na Suid-Afrika teruggekeer en tot sy aftrede in Desember 2019 as adjunkdirekteur van openbare vervolgings by die Nasionale Vervolgingsgesag, Johannesburg, gewerk waar hy ook, onder meer, hoof van die uitlewerings- en wedersydse-regshulpafdeling by die kantoor was.

❖ **Bespreking van die referate en vrae aan die referente vind op 16 September 2021 om 14:00 tot 17:00 plaas.**